# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Staatsreg 801 (CSL 801)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Regsgeleerdheid |
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Publiekreg |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

(a) Heroorweging van grondwetlike soewereiniteit en die wisselwerking daarvan met populêre soewereiniteit (b) Konstitusionele dinamika – (versweë) konstitusionele verandering op wyses anders as wat die grondwet magtig (c) ‘n Kritiese heroorweging van skeiding van magte, regterlike onafhanklikheid en onpartydigheid en die impak van judisiële hersiening in die hedendaagse staat (d) Oorweging van legaliteit en konstitusionaliteit in die lig van tersaaklike regspraak (e) Die grondslag van die staat, doeltreffendheid en legitimiteit in die besonder te midde van grootskaalse geweldsmisdaad (f) Samewerkende regering in die Suid-Afrikaanse grondwetlike praktyk (g) Grondwetlike waardes met besondere verwysing na demokrasie in die Suid-Afrikaanse grondwet (h) Die regsaansprake van gemeenskappe in die kontemporêre staatsreg (i) Nuwe tendense in die Suid-Afrikaanse grondwetlike jurisprudensie in die plaaslike en internasionale akademiese diskoers

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.